REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GOVERNMENT GAZETTE

# STAATSKOERANT

## VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

*Registered at the Post Office as a Newspaper* *As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer*

VOL. 425 CAPE TOWN, 1 NOVEMBER 2000 KAAPSTAD, 1 NOVEMBER 2000 No. 21707


THE PRESIDENCY

No. 1106. 1 November 2000

It is hereby notified that the President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 40 of 2000: Meat Safety Act, 2000.

DIE PRESIDENSIE

No. 1106. 1 November 2000

Hierby word bekend gemaak dat die President sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 40 van 2000: Wet op die Veiligheid van Vleis, 2000.

*(English text signed by the President.)*
*(Assented to 27 October 2000.)*

# ACT

**To provide for measures to promote meat safety and the safety of animal products; to establish and maintain essential national standards in respect of abattoirs; to regulate the importation and exportation of meat; to establish meat safety schemes; and to provide for matters connected therewith.**

BE IT ENACTED by the Parliament of the Republic of South Africa, as follows:—

**Definitions**

**1.** (1) In this Act, unless the context indicates otherwise—

(i) **"abattoir"** means a slaughter facility in respect of which a registration certificate has been issued in terms of section 8(1) and in respect of which a grading has been determined in terms of section 8(2); (i)

(ii) **"animal"** means any animal referred to in Schedule 1; (iv)

(iii) **"animal product"** means any by-product obtained from the carcass of an animal other than the meat thereof; (v)

(iv) **"assignee"** means any person, undertaking, body, institution or association designated under section 4; (viii)

(v) **"authorised person"** means a person contemplated in section 3(1)*(a)*(ii); (vii)

(vi) **"Department"** means the Department of Agriculture in the national government; (iii)

(vii) **"essential national standards"** means the standards contemplated in section 11; (xiv)

(viii) **"export abattoir"** means an abattoir contemplated in section 14(1)*(a)*; (xxii)

(ix) **"import permit"** means a permit contemplated in section 13(1)*(a)*; (x)

(x) **"meat"** means those parts of a slaughtered animal which are ordinarily intended for human and animal consumption and which have not undergone any processing other than deboning, cutting up, mincing, cooling or freezing, and includes meat which—

*(a)* has been treated with a substance that does not substantially alter the original characteristics thereof; and

*(b)* assumes its original characteristics after a substance referred to in paragraph *(a)* has physically been removed therefrom; (xxv)

(xi) **"MEC"** means the member of the Executive Council of the province in question responsible for abattoirs; (xi)

(xii) **"Minister"** means the national Minister responsible for agriculture; (xii)

(xiii) **"national executive officer"** means the officer designated as such in terms of section 2(1); (xiii)

(xiv) **"officer"** means an officer as defined in section 1(1) of the Public Service Act, 1994 (Proclamation No. 103 of 1994); (ii)

(xv) **"owner"**, in relation to a slaughter facility, includes the person in control of the slaughter facility; (vi)

(xvi) **"premises"** includes any building, structure, enclosure, land, road, harbour, jetty, quay or mooring; (xvi)

*(Engelse teks deur die President geteken.)*
*(Goedgekeur op 27 Oktober 2000.)*

# WET

**Om voorsiening te maak vir maatreëls om die veiligheid van vleis en die veiligheid van dierlike produkte te bevorder; om noodsaaklike nasionale standaarde ten opsigte van abattoirs in te stel en te handhaaf; om die invoer en uitvoer van vleis te reël; om vleisveiligheidskemas in te stel; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**

DAAR WORD BEPAAL deur die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

**Woordomskrywing**

**1.** (1) In hierdie Wet, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

(i) **"abattoir"** 'n slagfasiliteit ten opsigte waarvan 'n registrasiesertifikaat ingevolge artikel 8(1) uitgereik en ten opsigte waarvan 'n gradering ingevolge artikel 8(2) bepaal is; (i)

(ii) **"beampte"** 'n beampte soos omskryf in artikel 1(1) van die Staatsdienswet, 1994 (Proklamasie No. 103 van 1994); (xiv)

(iii) **"Departement"** die Departement van Landbou in die nasionale regering; (vi)

(iv) **"dier"** 'n dier in Bylae 1 bedoel; (ii)

(v) **"dierlike produk"** 'n neweproduk verkry van die karkas van 'n dier, uitgesonderd die vleis daarvan; (iii)

(vi) **"eienaar"**, met betrekking tot 'n slagfasiliteit, ook die persoon by wie die beheer van die slagfasiliteit berus; (xv)

(vii) **"gemagtigde persoon"** 'n persoon in artikel 3(1)*(a)*(ii) beoog; (v)

(viii) **"gevolmagtigde"** 'n persoon, onderneming, liggaam, instelling of vereniging aangewys kragtens artikel 4; (iv)

(ix) **"hierdie Wet"** ook 'n regulasie, noodsaaklike nasionale standaard en skema; (xxiv)

(x) **"invoerpermit"** 'n permit in artikel 13(1)*(a)* beoog; (ix)

(xi) **"LUR"** die lid van die Uitvoerende Raad van die betrokke provinsie wat vir abattoirs verantwoordelik is; (xi)

(xii) **"Minister"** die nasionale Minister wat vir landbou verantwoordelik is; (xii)

(xiii) **"nasionale uitvoerende beampte"** die beampte as sodanig ingevolge artikel 2(1) aangewys; (xiii)

(xiv) **"noodsaaklike nasionale standaarde"** die standaarde in artikel 11 beoog; (vii)

(xv) **"onveilig vir menslike en dierlike verbruik"** onveilig vir menslike en dierlike verbruik as gevolg van 'n siekte, abnormale toestand, verrotting, ontbinding, besoedeling of residue, of deur blootstelling aan of kontak met 'n siekte of verrotte, ontbinde of besoedelde materiaal; (xxv)

(xvi) **"perseel"**, ook enige gebou, struktuur, omheinde area, grond, pad, hawe, pier, kaai of vasmeerplek; (xvi)

(xvii) **"provinsiale uitvoerende beampte"** die beampte van die betrokke provinsie as sodanig aangewys ingevolge artikel 5(2)*(a)*; (xviii)

(xviii) **"regulasie"** 'n regulasie uitgevaardig kragtens artikel 22; (xix)

(xix) **"skema"** 'n skema kragtens artikel 12 ingestel; (xxi)

(xvii) **"prescribed"** means prescribed by regulation; (xxvi)

(xviii) **"provincial executive officer"** means the officer of the province in question designated as such in terms of section 5(2)*(a)*; (xvii)

(xix) **"regulation"** means any regulation made under section 22; (xviii)

(xx) **"sale"** includes an agreement to sell, and any offer, advertisement, exposure, transfer of ownership, conveyance or delivery for sale, exchange or disposal in any manner, whether for any consideration or otherwise, and **"sell"** has a corresponding meaning; (xxiv)

(xxi) **"scheme"** means any scheme established under section 12; (xix)

(xxii) **"slaughter"** means the killing of an animal and the performance of the usual accompanying acts in connection therewith in order to obtain meat and animal products therefrom; (xx)

(xxiii) **"slaughter facility"** means any facility, whether stationary or mobile, at or on which animals are slaughtered or intended to be slaughtered, and includes areas in or adjacent to such facilities where—

*(a)* carcasses are chilled;

*(b)* meat or animal products are handled; (xxi)

(xxiv) **"this Act"** includes any regulation, essential national standard and scheme; (ix)

(xxv) **"unsafe for human and animal consumption"** means unsafe for human and animal consumption by reason of a disease, an abnormal condition, putrefaction, decomposition, contamination or residues, or by reason of exposure to or contact with a disease or putrefied, decomposed or contaminated material; (xv)

(xxvi) **"veterinarian"** means a veterinarian as defined in section 1 of the Veterinary and Para-Veterinary Professions Act, 1982 (Act No. 19 of 1982). (xxiii)

(2) The Minister may by notice in the *Gazette*—

*(a)* add any type or category of animal to Schedule 1;

*(b)* determine that specific sections of this Act do not apply to certain types or categories of animals mentioned in Schedule 1.

**National executive officer**

**2.** (1) *(a)* The Minister must designate an officer of the Department who is a veterinarian as national executive officer.

*(b)* The national executive officer exercises the powers conferred on him or her and performs the duties imposed on him or her by or under this Act, subject to the control and directions of the Minister.

(2) Whenever the national executive officer considers an application or a request in terms of this Act, he or she may—

*(a)* request the applicant to provide such additional information as may be necessary within a specified period;

*(b)* conduct any necessary investigation or inquiry in connection with the application or request; and

*(c)* refuse, postpone or grant the application or request subject to such conditions as may be necessary.

(3) *(a)* The national executive officer may on application grant an extension of the period contemplated in subsection (2)*(a)* in writing.

*(b)* An application for extension must be in writing and must set out the reasons for the application.

(4) The national executive officer must notify the applicant in writing of any decision reached and, if an application or a request is refused, of the reasons for refusal.

(5) *(a)* If, after an application or a request has been approved or granted, the national executive officer becomes aware of circumstances which, had they been known to him or her or had they prevailed when he or she considered the application or request, would have resulted in the refusal of the application or request or in the imposition of conditions or additional conditions, he or she may, by written notice to the applicant revoke such approval or grant or amend it by imposing conditions or additional conditions, as the case may be.

*(b)* The national executive officer must give reasons for any such revocation or amendment.

(xx) **"slag"** die doodmaak van 'n dier en die uitvoer van die gebruiklike gepaardgaande handelinge in verband daarmee ten einde vleis en dierlike produkte daarvan te verkry; (xxii)

(xxi) **"slagfasiliteit"** enige fasiliteit, hetsy stilstaande of mobiel, waar of waarop diere geslag word of beoog word om geslag te word, en ook areas in of aangrensend tot sodanige fasiliteite waar—

*(a)* karkasse verkoel word;

*(b)* vleis of dierlike produkte gehanteer word; (xxiii)

(xxii) **"uitvoerabattoir"** 'n abattoir in artikel 14(1)*(a)* beoog; (viii)

(xxiii) **"veearts"** 'n veearts soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Veterinêre en Para-veterinêre Beroepe, 1982 (Wet No. 19 van 1982); (xxvi)

(xxiv) **"verkoop"** ook 'n ooreenkoms om te verkoop, en enige aanbod, advertensie, uitstalling, oordrag van eiendomsreg, vervoer of lewering vir verkoop, ruil of beskikking op enige wyse, hetsy teen 'n vergoeding of andersins en het **"verkoop"**, as werkwoord gebruik, 'n ooreenstemmende betekenis; (xx)

(xxv) **"vleis"** daardie gedeeltes van 'n geslagte dier wat normaalweg vir menslike en dierlike verbruik bestem is en wat geen prosessering ondergaan het nie anders as die ontbening, opsny, maal, verkoeling of bevriesing daarvan, met inbegrip van vleis wat—

*(a)* behandel is met 'n stof wat nie die oorspronklike eienskappe daarvan wesenlik verander nie; en

*(b)* die oorspronklike eienskappe daarvan aanneem nadat 'n stof in paragraaf *(a)* bedoel, fisies daarvan verwyder is; (x)

(xxvi) **"voorgeskryf"** by regulasie voorgeskryf. (xvii)

(2) Die Minister kan by kennisgewing in die *Staatskoerant*—

*(a)* enige soort of kategorie dier tot Bylae 1 byvoeg;

*(b)* bepaal dat bepaalde artikels van hierdie Wet nie op sekere soorte en kategorieë diere in Bylae 1 vermeld, van toepassing is nie.

**Nasionale uitvoerende beampte**

**2.** (1) *(a)* Die Minister moet 'n beampte van die Departement wat 'n veearts is, as nasionale uitvoerende beampte aanwys.

*(b)* Die nasionale uitvoerende beampte oefen die bevoegdhede uit en verrig die pligte by of kragtens hierdie Wet aan hom of haar verleen of opgedra behoudens die beheer en voorskrifte van die Minister.

(2) Wanneer die nasionale uitvoerende beampte 'n aansoek of 'n versoek ingevolge hierdie Wet oorweeg, kan hy of sy—

*(a)* die applikant versoek om die bykomende inligting wat nodig geag word, binne 'n bepaalde tydperk te voorsien;

*(b)* 'n ondersoek of navraag doen wat nodig is in verband met die aansoek of versoek; en

*(c)* die aansoek of versoek weier, uitstel of toestaan behoudens die nodige voorwaardes.

(3) *(a)* Die nasionale uitvoerende beampte kan op aansoek skriftelik uitstel verleen van die tydperk in subartikel (2)*(a)* beoog.

*(b)* 'n Aansoek om uitstel moet skriftelik wees en moet die redes vir die aansoek uiteensit.

(4) Die nasionale uitvoerende beampte moet die applikant skriftelik in kennis stel van enige besluit wat geneem is en, indien 'n aansoek of versoek geweier word, van die redes vir weiering.

(5) *(a)* Indien, nadat 'n aansoek of versoek goedgekeur of toegestaan is, die nasionale uitvoerende beampte bewus word van omstandighede wat, indien dit aan hom of haar bekend was of bestaan het toe hy of sy die aansoek of versoek oorweeg het, die weiering van die aansoek of versoek of die oplê van voorwaardes of bykomende voorwaardes tot gevolg gehad het, kan hy of sy by skriftelike kennisgewing aan die aansoeker sodanige goedkeuring of toestaan intrek of dit wysig deur voorwaardes of bykomende voorwaardes op te lê, na gelang van die geval.

*(b)* Die nasionale uitvoerende beampte moet redes verskaf vir enige sodanige intrekking of wysiging.

**Delegation and assignment of powers and duties by national executive officer**

**3.** (1) *(a)* The national executive officer may delegate any power conferred on him or her or assign any duty imposed on him or her by or under this Act—

(i) to any officer under his or her control;

(ii) to a person who is not an officer; and

(iii) with the approval of the MEC, to a provincial executive officer.

*(b)* A delegation or assignment under paragraph *(a)*(ii) may only be made with the approval of the Minister.

*(c)* A power or duty delegated or assigned to a provincial executive officer may be further delegated or assigned by such provincial executive officer to any officer under his or her control or to an authorised person.

(2) *(a)* The national executive officer must furnish the officers, authorised persons and provincial executive officers contemplated in subsection (1) with a written authority in which it is stated that the person mentioned therein is authorised to exercise the powers and perform the duties specified therein.

*(b)* The authorisation contemplated in paragraph *(a)* may—

(i) be written in general terms;

(ii) refer to cases of a particular nature;

(iii) refer to a specified abattoir; or

(iv) refer to a specified area.

(3) When exercising a power or performing a duty delegated or assigned under this section the officer, authorised person or provincial executive officer must produce the authorisation contemplated in subsection (2)*(a)* at the request of any person.

(4) The national executive officer is not divested of any power or duty delegated or assigned and may amend or withdraw any decision made or instruction given by an officer, authorised person or provincial executive officer by virtue of such delegation or assignment, unless the decision has been conveyed to the person in respect of whom the decision applies, in which case the decision may be amended or withdrawn only if the amendment or withdrawal is to the benefit of that person or if that person consents to the amendment or withdrawal.

**Designation of assignees**

**4.** (1) The Minister may assign the application of this Act or certain provisions thereof throughout the Republic or in a particular area, to any person with an interest in or particular knowledge of meat and meat safety.

(2) An assignment contemplated in subsection (1) must set out the powers and duties of the assignee who must exercise the powers and perform the duties subject to the directives of the national executive officer.

(3) Unless the Minister in a particular case directs otherwise, an assignee has no recourse against the State in respect of any expenses incurred in connection with the exercise of the powers or the performance of the duties in question.

(4) The chief executive officer, chairperson or any other person in charge of any assignee which is not a natural person—

*(a)* must act on behalf of that assignee in the exercise of the powers and the performance of the duties in question; and

*(b)* may in writing delegate or transfer to an employee of that assignee any power which the assignee may exercise or any duty which the assignee must perform in terms of this Act, or may in writing authorise or direct any such employee to exercise such power or perform such duty.

(5) *(a)* A power exercised or duty performed by an employee contemplated in subsection (4) must be regarded as having been exercised or performed by the chief executive officer, chairperson or other person in charge, as the case may be.

*(b)* The chief executive officer, chairperson or other person in charge may at any time amend or withdraw a decision made or an order given by such an employee unless the

**Delegasie en opdra van bevoegdhede en pligte deur nasionale uitvoerende beampte**

**3.** (1) *(a)* Die nasionale uitvoerende beampte kan enige bevoegdheid aan hom of haar verleen, of enige plig aan hom of haar opgelê, by of kragtens hierdie Wet, delegeer of opdra—

(i) aan enige beampte onder sy of haar beheer;

(ii) aan 'n persoon wat nie 'n beampte is nie; en

(iii) met die goedkeuring van die LUR, aan 'n provinsiale uitvoerende beampte.

*(b)* 'n Delegasie of opdrag kragtens paragraaf *(a)*(ii) kan slegs gedoen word met die goedkeuring van die Minister.

*(c)* 'n Bevoegdheid of plig gedelegeer of opgedra aan 'n provinsiale uitvoerende beampte kan verder deur sodanige provinsiale uitvoerende beampte gedelegeer of opgedra word aan enige beampte onder sy of haar beheer of aan 'n gemagtigde persoon.

(2) *(a)* Die nasionale uitvoerende beampte moet die beamptes, gemagtigde persone en provinsiale uitvoerende beamptes beoog in subartikel (1) van 'n skriftelike magtiging voorsien waarin dit verklaar word dat die persoon daarin vermeld, gemagtig word om die bevoegdhede uit te oefen en die pligte te verrig wat daarin vermeld word.

*(b)* Die magtiging in paragraaf *(a)* beoog, kan—

(i) in algemene terme geskryf word;

(ii) na gevalle van 'n besondere aard verwys;

(iii) na 'n bepaalde abattoir verwys; of

(iv) na 'n bepaalde gebied verwys.

(3) Wanneer 'n bevoegdheid of plig kragtens hierdie artikel gedelegeer of opgedra, uitgeoefen of verrig word, moet die beampte, gemagtigde persoon of provinsiale uitvoerende beampte die magtiging beoog in subartikel (2)*(a)* op versoek van enigiemand verskaf.

(4) Die nasionale uitvoerende beampte word nie ontdoen van enige bevoegdheid of plig gedelegeer of opgedra nie en kan enige beslissing gemaak of opdrag gegee deur 'n beampte, gemagtigde persoon of provinsiale uitvoerende beampte uit hoofde van sodanige delegasie of opdrag gegee, wysig of terugtrek, tensy die beslissing oorgedra is aan die persoon ten opsigte van wie dit van toepassing is, in welke geval die beslissing alleenlik gewysig of teruggetrek kan word indien die wysiging of terugtrekking tot die voordeel van daardie persoon is of indien daardie persoon toestem tot die terugtrekking of wysiging.

**Aanwysing van gevolmagtigdes**

**4.** (1) Die Minister kan die toepassing van hierdie Wet of sekere bepalings daarvan regdeur die Republiek of in 'n bepaalde gebied opdra aan enige persoon met 'n belang in of besondere kennis van vleis en die veiligheid van vleis.

(2) 'n Opdrag in subartikel (1) beoog, moet die bevoegdhede en pligte van die gevolmagtigde uiteensit, wat die bevoegdhede moet uitvoer en die pligte moet verrig behoudens die lasgewings van die nasionale uitvoerende beampte.

(3) Tensy die Minister in 'n bepaalde geval anders bepaal, het die gevolmagtigde geen verhaalsreg teen die Staat nie ten opsigte van enige uitgawes aangegaan in verband met die uitoefening van die betrokke bevoegdhede of die verrigting van die betrokke pligte.

(4) Die hoof- uitvoerende beampte, voorsitter of enige ander persoon in beheer van 'n gevolmagtigde wat nie 'n natuurlike persoon is nie—

*(a)* moet namens daardie gevolmagtigde in die uitoefening van die betrokke bevoegdhede en die verrigting van die betrokke pligte optree; en

*(b)* kan 'n bevoegdheid wat die gevolmagtigde kan uitoefen of 'n plig wat die gevolmagtigde moet verrig ingevolge hierdie Wet, skriftelik aan 'n werknemer van daardie gevolmagtigde delegeer of opdra, of kan sodanige werknemer skriftelik magtig of gelas om sodanige bevoegdheid uit te oefen of sodanige plig te verrig.

(5) *(a)* 'n Bevoegdheid uitgeoefen of plig verrig deur 'n werknemer in subartikel (4) beoog, word geag deur die hoof- uitvoerende beampte, voorsitter of ander persoon in beheer uitgeoefen of verrig te wees, na gelang van die geval.

*(b)* Die hoof- uitvoerende beampte, voorsitter of ander persoon in beheer kan te eniger tyd 'n besluit geneem of 'n opdrag gegee deur sodanige werknemer wysig of intrek, tensy die besluit oorgedra is aan die persoon ten opsigte van wie die besluit van

decision has been conveyed to the person in respect of whom the decision applies, in which case the decision may be amended or withdrawn only if the amendment or withdrawal is to the benefit of that person or if that person consents to the amendment or withdrawal.

(6) Subject to subsection (3), an assignee may in consultation with the national executive officer determine a fee payable by the owner of an abattoir for the exercise of powers and the performance of duties by the assignee in terms of this Act.

(7) If an assignee does not comply with a provision of this Act, or with a direction by the national executive officer, the national executive officer may terminate or suspend the assignment.

**Assignment of certain functions to provincial executives**

**5.** (1) Subject to subsections (2), (3) and (4) and section 6, the functions set out in sections 7, 8, 9, 10, 15 and 16 are hereby assigned to the provincial executive of each province.

(2) *(a)* Every MEC must designate an officer of the province in question who is a veterinarian as provincial executive officer.

*(b)* A provincial executive officer must exercise the powers and perform the duties assigned to the provincial executive of his or her province by subsection (1).

(3) A provincial executive officer—

*(a)* may delegate any power or assign any duty contemplated in subsection (2)*(b)* to an officer under his or her control; and

*(b)* must provide the national executive officer with such reports regarding the application of the provisions referred to in subsection (1) as the national executive officer may require.

(4) *(a)* The national executive officer must monitor the performance of the functions assigned by this section in every province in order to verify that essential national standards are being applied throughout the Republic.

*(b)* At prescribed intervals the national executive officer must compile reports of the functions monitored as contemplated in paragraph *(a)* and furnish a copy thereof to the relevant provincial executive officer.

(5) The national executive officer may by notice in writing require the provincial executive officer or any other person in possession of information required by the national executive officer for purposes of monitoring the performance of the functions assigned by this section, to provide such information to the national executive officer within the period specified in the notice.

(6) If, in a particular case, the national executive officer is of the opinion that an act or omission by a particular provincial executive officer represents a material deviation from the essential national standards, he or she must inform the provincial executive officer concerned of the deviation and request the provincial executive officer to take such steps in connection therewith as may be necessary.

**Suspension of assignment**

**6.** (1) The Minister may suspend an assignment contemplated in section 5 by notice in the *Gazette*, in general or in a particular instance, in the event of—

*(a)* a contravention of or failure to comply with any provision of this Act, or the occurrence, in a province or in a country adjacent to a province, of any event of such a nature and extent that it could detrimentally affect meat safety in a province or in the Republic as a whole; or

*(b)* a written request to do so by an MEC.

(2) The suspension may be—

*(a)* in respect of one or more specified provinces or specified portions thereof or the Republic as a whole;

*(b)* in general or with regard to a particular matter; and

*(c)* for such period or subject to such conditions as the Minister may determine.

(3) In the event of a suspension, the national executive officer must implement the necessary essential national standards and such other provisions of this Act in the area in question for such period as may be necessary to give effect to this section.

toepassing is, in welke geval die besluit alleenlik gewysig of teruggetrek kan word indien die wysiging of terugtrekking tot die voordeel van daardie persoon is of indien daardie persoon tot die wysiging of terugtrekking toestem.

(6) Behoudens subartikel (3) kan 'n gevolmagtigde in oorleg met die nasionale uitvoerende beampte 'n bedrag bepaal betaalbaar deur die eienaar van 'n abattoir vir die uitoefenings van bevoegdhede of die verrigting van pligte deur die gevolmagtigde ingevolge hierdie Wet.

(7) Indien 'n gevolmagtigde nie aan 'n bepaling van hierdie Wet of 'n lasgewing deur die nasionale uitvoerende beampte voldoen nie, kan die nasionale uitvoerende beampte die opdrag beëindig of opskort.

**Opdra van sekere werksaamhede aan provinsiale uitvoerende rade**

**5.** (1) Behoudens subartikels (2), (3) en (4) en artikel 6 word die werksaamhede uiteengesit in artikels 7, 8, 9, 10, 15 en 16 hierby opgedra aan die provinsiale uitvoerende raad van elke provinsie.

(2) *(a)* Elke LUR moet 'n beampte van die betrokke provinsie wat 'n veearts is as provinsiale uitvoerende beampte aanwys.

*(b)* 'n Provinsiale uitvoerende beampte moet die bevoegdhede uitoefen en die pligte verrig wat by subartikel (1) aan die provinsiale uitvoerende gesag van sy of haar provinsie opgedra is.

(3) 'n Provinsiale uitvoerende beampte—

*(a)* kan enige bevoegdheid of plig in subartikel (2)*(b)* beoog aan 'n beampte onder sy of haar beheer, delegeer of opdra; en

*(b)* moet die nasionale uitvoerende beampte van die verslae aangaande die toepassing van die bepalings in subartikel (1) bedoel, voorsien, wat die nasionale uitvoerende beampte verlang.

(4) *(a)* Die nasionale uitvoerende beampte moet die verrigting van die werksaamhede opgedra by hierdie artikel in elke provinsie moniteer ten einde te bevestig dat noodsaaklike nasionale standaarde regdeur die Republiek toegepas word.

*(b)* Die nasionale uitvoerende beampte moet met voorgeskrewe tussenposes verslae saamstel van die werksaamhede gemoniteer soos in paragraaf *(a)* beoog en 'n afskrif daarvan aan die betrokke provinsiale uitvoerende beampte voorsien.

(5) Die nasionale uitvoerende beampte kan die provinsiale uitvoerende beampte of enige ander persoon in besit van inligting wat deur die nasionale uitvoerende beampte benodig word vir doeleindes van monitering van die verrigting van die werksaamhede opgedra by hierdie artikel, by skriftelike kennisgewing versoek om sodanige inligting aan die nasionale uitvoerende beampte te verstrek binne die tydperk wat in die kennisgewing vermeld word.

(6) Indien die nasionale uitvoerende beampte, in 'n bepaalde geval, van mening is dat 'n handeling of versuim deur 'n bepaalde provinsiale uitvoerende beampte 'n wesenlike afwyking verteenwoordig van die noodsaaklike nasionale standaarde, moet hy of sy die betrokke provinsiale uitvoerende beampte van die afwyking verwittig en die provinsiale uitvoerende beampte versoek om die stappe in verband daarmee te doen wat nodig is.

**Opskorting van opdrag**

**6.** (1) Die Minister kan 'n opdrag in artikel 5 beoog by kennisgewing in die *Staatskoerant*, in die algemeen of in 'n bepaalde geval, opskort in die geval van—

*(a)* 'n oortreding van 'n bepaling van hierdie Wet of 'n versuim om daaraan te voldoen, of die plaasvind, in 'n provinsie of in 'n land aangrensend tot 'n provinsie, van 'n gebeurtenis van so 'n aard en omvang dat dit die veiligheid van vleis in 'n provinsie of in die Republiek as geheel nadelig kan beïnvloed; of

*(b)* 'n skriftelike versoek daartoe deur 'n LUR.

(2) Die opskorting kan wees—

*(a)* ten opsigte van een of meer vermelde provinsies of vermelde dele daarvan of die Republiek as 'n geheel;

*(b)* in die algemeen of met betrekking tot 'n bepaalde aangeleentheid; en

*(c)* vir die tydperk of behoudens die voorwaardes wat die Minister bepaal.

(3) In die geval van 'n opskorting moet die nasionale uitvoerende beampte die nodige noodsaaklike nasionale standaarde en sodanige ander bepalings van hierdie Wet in die betrokke gebied implementeer vir die tydperk wat nodig is om uitvoering aan hierdie artikel te gee.

(4) For purposes of subsection (3), the provincial executive officer of the province in question must co-operate with the national executive officer and put any facilities used in the province in respect of meat safety at the disposal of the national executive officer.

(5) If the expenditure incurred during a particular year by or on behalf of a particular province for the purposes contemplated in this section exceeds the appropriation for that purpose by the provincial legislature in question, the deficit must be defrayed from money appropriated by Parliament for that purpose.

(6) When the reason for the suspension ceases to exist, the Minister must lift the suspension.

**Prohibition of slaughter of animals at places other than abattoirs, and exemptions**

**7.** (1) No person may—

*(a)* slaughter any animal at any place other than an abattoir;

*(b)* permit the slaughter of any animal at any place under his or her control, unless the place is an abattoir; or

*(c)* sell or provide meat for human and animal consumption unless it has been slaughtered at an abattoir.

(2) *(a)* Subsection (1) does not apply to slaughter for own consumption or for cultural or religious purposes.

*(b)* No meat or animal product obtained from an animal slaughtered as contemplated in paragraph *(a)* may be sold to any person.

**Approval of slaughter facility**

**8.** (1) *(a)* An application for registration of a slaughter facility must be submitted to the national executive officer in the prescribed manner and be accompanied by the prescribed fee.

*(b)* If the slaughter facility contemplated in paragraph *(a)* complies with this Act, the national executive officer must, subject to such conditions as may be necessary, issue a certificate of registration as an abattoir to the applicant.

*(c)* A registration certificate is valid for such period as may be determined and specified in the certificate by the national executive officer, which period may not exceed five years.

*(d)* A condition imposed under paragraph *(b)* may relate to—

(i) essential national standards;

(ii) other prescribed matters; or

(iii) any other matter necessary to ensure that the abattoir produces meat and animal products that are safe for human and animal consumption.

(2) When issuing a registration certificate in respect of an abattoir the national executive officer must determine a grading in accordance with the essential national standards and indicate such grading on the certificate in question.

(3) A certificate of approval issued or deemed to have been issued in respect of an abattoir in terms of section 5 of the Abattoir Hygiene Act, 1992 (Act No. 121 of 1992), and which was in force immediately prior to the commencement of this section, is deemed to be a registration certificate issued in terms of subsection (1).

**Withdrawal or lapsing of registration certificate**

**9.** (1) Subject to subsection (2), the national executive officer may withdraw a registration certificate in respect of an abattoir if the abattoir in question—

*(a)* no longer complies with any condition subject to which the registration certificate was issued;

*(b)* is not operated in accordance with the essential national standards; or

*(c)* is no longer utilised as such.

(2) The national executive officer may not withdraw a registration certificate unless he or she has—

*(a)* informed the owner of the abattoir in question of the intended withdrawal and of the grounds upon which it is based; and

*(b)* afforded the owner a reasonable opportunity to state his or her case or to rectify any shortcoming with regard to such abattoir within the period specified by the national executive officer.

(4) Vir die doeleindes van subartikel (3) moet die provinsiale uitvoerende beampte van die betrokke provinsie met die nasionale uitvoerende beampte saamwerk en enige fasiliteite in die provinsie gebruik ten opsigte van veiligheid van vleis, tot die beskikking van die nasionale uitvoerende beampte stel.

(5) Indien die uitgawes aangegaan gedurende 'n bepaalde jaar deur of ten behoewe van 'n bepaalde provinsie vir die doeleindes beoog in hierdie artikel, die toewysing vir daardie doel deur die betrokke provinsiale wetgewer oorskry, moet die tekort bestry word uit fondse deur die Parlement vir daardie doel bewillig.

(6) Wanneer die rede vir die opskorting ophou om te bestaan, moet die Minister die opskorting ophef.

**Verbod op slag van diere op ander plekke as abattoirs, en vrystellings**

**7.** (1) Niemand mag—

*(a)* 'n dier op enige ander plek as 'n abattoir slag nie;

*(b)* toelaat dat 'n dier op enige plek onder sy of haar beheer geslag word nie, tensy die plek 'n abattoir is; of

*(c)* vleis vir menslike en dierlike gebruik verkoop of voorsien nie tensy dit by 'n abattoir geslag is.

(2) *(a)* Subartikel (1) is nie van toepassing nie op slag vir eie verbruik of vir kulturele of godsdienstige doeleindes.

*(b)* Geen vleis of dierlike produk wat verkry is van 'n dier wat geslag is soos in paragraaf *(a)* beoog, mag aan enigiemand verkoop word nie.

**Goedkeuring van slagfasiliteit**

**8.** (1) *(a)* 'n Aansoek om registrasie van 'n slagfasiliteit moet op die voorgeskrewe wyse aan die nasionale uitvoerende beampte voorgelê word en vergesel gaan van die voorgeskrewe geld.

*(b)* Indien die slagfasiliteit in paragraaf *(a)* beoog aan hierdie Wet voldoen, moet die nasionale uitvoerende beampte, behoudens die voorwaardes wat nodig is, 'n registrasiesertifikaat as 'n abattoir aan die applikant uitreik.

*(c)* 'n Registrasiesertifikaat is geldig vir die tydperk wat deur die nasionale uitvoerende beampte bepaal en in die sertifikaat vermeld word, welke tydperk nie vyf jaar mag oorskry nie.

*(d)* 'n Voorwaarde kragtens paragraaf *(b)* opgelê, kan betrekking hê op—

(i) noodsaaklike nasionale standaarde;

(ii) ander voorgeskrewe aangeleenthede; of

(iii) enige ander aangeleentheid nodig ten einde te verseker dat die abattoir vleis en vleisprodukte produseer wat veilig is vir menslike en dierlike verbruik.

(2) Wanneer 'n registrasiesertifikaat ten opsigte van 'n abattoir uitgereik word, moet die nasionale uitvoerende beampte 'n gradering in ooreenstemming met die noodsaaklike nasionale standaarde bepaal en sodanige gradering op die betrokke sertifikaat aandui.

(3) 'n Sertifikaat van goedkeuring ten opsigte van 'n abattoir uitgereik of geag uitgereik te wees ingevolge artikel 5 van die Wet op Abattoirhigiëne, 1992 (Wet No. 121 van 1992), en wat van krag was onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie artikel, word geag 'n registrasiesertifikaat ingevolge subartikel (1) uitgereik te wees.

**Intrekking of verval van registrasiesertifikaat**

**9.** (1) Behoudens subartikel (2) kan die nasionale uitvoerende beampte 'n registrasiesertifikaat ten opsigte van 'n abattoir intrek indien die betrokke abattoir—

*(a)* nie meer voldoen nie aan enige voorwaarde onderhewig waaraan die registrasiesertifikaat uitgereik is;

*(b)* nie ooreenkomstig die noodsaaklike nasionale standaarde bedryf word nie; of

*(c)* nie meer as sodanig aangewend word nie.

(2) Die nasionale uitvoerende beampte mag nie 'n registrasiesertifikaat intrek nie tensy hy of sy—

*(a)* die eienaar van die betrokke abattoir verwittig het van die voorgenome intrekking en van die gronde waarop dit gebaseer is; en

*(b)* die eienaar 'n redelike geleentheid gegun het om sy of haar saak te stel of om enige tekortkominge met betrekking tot sodanige abattoir reg te stel binne die tydperk deur die nasionale uitvoerende beampte vermeld.

(3) A registration certificate issued in respect of an abattoir lapses when the person to whom such certificate was issued ceases to be the owner of that abattoir.

**Instructions with regard to operation of abattoir**

**10.** (1) The national executive officer may instruct the owner of an abattoir to—

*(a)* comply with an essential national standard;

*(b)* comply with any condition subject to which the registration certificate was issued;

*(c)* perform or cease to perform an act specified in the instruction, if such performance or cessation is necessary for the achievement or promotion of the objectives of this Act; and

*(d)* suspend operations at the abattoir until the provisions of this Act or conditions in terms of which the registration certificate was issued, have been complied with.

(2) An instruction contemplated in subsection (1)—

*(a)* may provide that any requirement imposed must be complied with in the manner and within the period specified in the instruction;

*(b)* must be in writing and served on the owner of the abattoir in the prescribed manner; and

*(c)* is binding on the owner of the abattoir, regardless of whether or not such owner was the owner at the time when the instruction was served.

(3) *(a)* An instruction may be amended or withdrawn if the national executive officer, after such inspections and investigations as may be necessary, is satisfied that the provisions of that instruction have been properly or partly complied with.

*(b)* An amendment or a withdrawal contemplated in paragraph *(a)* does not exempt the owner of an abattoir from compliance with any provision of this Act which applies to him or her or the abattoir of which he or she is the owner.

*(c)* An amendment or withdrawal contemplated in paragraph *(a)* must be made known in the manner set out in subsection (2)*(b)*.

(4) A directive issued in terms of section 17 of the Abattoir Hygiene Act, 1992 (Act No. 121 of 1992), and which was in force immediately prior to the commencement of this section, is deemed to be an instruction in terms of this section.

**Essential national standards**

**11.** (1) The following essential national standards apply to all abattoirs:

*(a)* A slaughter facility may only be registered as an abattoir if it complies with the prescribed requirements relating to throughput, structural requirements, hygiene management practices and related matters;

*(b)* the owner of an abattoir must procure a meat inspection service for that abattoir;

*(c)* meat inspection services may only be performed by the national executive officer, a provincial executive officer, an authorised person or an assignee, who must perform that function independently from the abattoir;

*(d)* a person contemplated in paragraph *(c)* must be a veterinarian, meat inspector, meat examiner, animal health technician or such other duly qualified person as may be prescribed;

*(e)* an abattoir must be managed in accordance with a prescribed hygiene management and evaluation system;

*(f)* any person entering an abattoir must adhere to the prescribed hygiene requirements;

*(g)* water used in an abattoir must conform to the prescribed standard;

*(h)* an animal presented for slaughter at an abattoir must be handled humanely during loading, transportation, off-loading, housing, immobilising and killing as prescribed in accordance with the requirements of the Animals Protection Act, 1962 (Act No. 71 of 1962);

(3) 'n Registrasiesertifikaat uitgereik ten opsigte van 'n abattoir verval wanneer die persoon aan wie sodanige sertifikaat uitgereik is, ophou om die eienaar van daardie abattoir te wees.

**Lasgewings met betrekking tot bedryf van abattoir**

**10.** (1) Die nasionale uitvoerende beampte kan die eienaar van 'n abattoir gelas om—

*(a)* aan 'n noodsaaklike nasionale standaard te voldoen;
*(b)* te voldoen aan 'n voorwaarde onderhewig waaraan die registrasiesertifikaat uitgereik is;
*(c)* 'n handeling in die lasgewing vermeld, te verrig of te staak indien sodanige verrigting of staking nodig is vir die uitvoering of bevordering van die oogmerke van hierdie Wet; en
*(d)* werksaamhede by die abattoir op te skort totdat die bepalings van hierdie Wet of voorwaardes ingevolge waarvan die registrasiesertifikaat uitgereik is, nagekom is.

(2) 'n Lasgewing in subartikel (1) beoog—

*(a)* kan voorsiening maak dat enige vereiste opgelê, nagekom moet word op die wyse en binne die tydperk in die lasgewing vermeld;
*(b)* moet skriftelik wees en op die eienaar van die abattoir bedien word op die voorgeskrewe wyse; en
*(c)* is bindend op die eienaar van die abattoir, ongeag daarvan of sodanige eienaar die eienaar was op die tydstip toe die lasgewing gedien is.

(3) *(a)* 'n Lasgewing kan gewysig of teruggetrek word indien die nasionale uitvoerende beampte, na die inspeksies en ondersoeke wat nodig is, oortuig is dat daar na behore of gedeeltelik aan die bepalings van daardie lasgewing voldoen is.

*(b)* 'n Wysiging of terugtrekking in paragraaf *(a)* beoog, vrywaar nie die eienaar van 'n abattoir van voldoening aan enige bepaling van hierdie Wet wat op hom of haar of die abattoir waarvan hy of sy die eienaar is, van toepassing is nie.

*(c)* 'n Wysiging of terugtrekking in paragraaf *(a)* beoog, moet op die wyse in subartikel (2)*(b)* uiteengesit, bekend gemaak word.

(4) 'n Lasgewing uitgereik ingevolge artikel 17 van die Wet op Abattoirhigiëne, 1992 (Wet No. 121 van 1992), en wat onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie artikel van krag was, word geag 'n lasgewing ingevolge hierdie artikel te wees.

**Noodsaaklike nasionale standaarde**

**11.** (1) Die volgende noodsaaklike nasionale standaarde is van toepassing op alle abattoirs:

*(a)* 'n Slagfasiliteit kan alleenlik as 'n abattoir geregistreer word indien dit voldoen aan die voorgeskrewe vereistes betreffende deurset, strukturele vereistes, higiënebestuurspraktyke en verwante aangeleenthede;
*(b)* die eienaar van 'n abattoir moet 'n vleisinspeksiediens vir daardie abattoir verkry;
*(c)* vleisinspeksiedienste kan slegs deur die nasionale uitvoerende beampte, 'n provinsiale uitvoerende beampte, 'n gemagtigde persoon of 'n gevolmagtigde verrig word, wat die werksaamheid onafhanklik van die abattoir moet verrig;
*(d)* 'n persoon beoog in paragraaf *(c)* moet 'n veearts, vleisinspekteur, vleisondersoeker, dieregesondheidstegnikus of sodanige ander paslik gekwalifiseerde persoon soos voorgeskryf wees;
*(e)* 'n abattoir moet bestuur word ooreenkomstig 'n voorgeskrewe higiënebestuur- en evalueringstelsel;
*(f)* 'n persoon wat 'n abattoir betree, moet die voorgeskrewe higiënevereistes nakom;
*(g)* water wat in 'n abattoir gebruik word, moet aan die voorgeskrewe standaard voldoen;
*(h)* 'n dier aangebied vir slag by 'n abattoir moet menslik gehanteer word gedurende laai, vervoer, aflaai, herberg, immobilisering en doodmaak soos voorgeskryf ooreenkomstig die bepalings van die Dierebeskermingswet, 1962 (Wet No. 71 van 1962);

*(i)* no dead animal or animal suffering from a condition that may render the meat unsafe for human and animal consumption may be presented at an abattoir for slaughter;

*(j)* an animal presented for slaughter must be examined by a person contemplated in paragraph *(c)* before slaughter, and must be accompanied by information as to its ownership;

*(k)* an animal presented for slaughter in accordance with an animal health scheme in terms of the Animal Diseases Act, 1984 (Act No. 35 of 1984), may only be accepted for slaughter if the animal is identified in accordance with the requirements of the scheme in question;

*(l)* any person suspecting that an animal is infected with a controlled animal disease as prescribed by or under the Animal Diseases Act, 1984 (Act No. 35 of 1984), must convey that suspicion without delay to a veterinarian in the employ of the Department or a province;

*(m)* meat and animal products must be inspected, marked and dealt with in accordance with the prescribed methods by a person contemplated in paragaph *(c)*;

*(n)* meat may only be removed from an abattoir if it is duly marked and the method of removal thereof poses no risk to the safety of the meat for human and animal consumption;

*(o)* the owner of an abattoir must keep the prescribed records relating to the number of animals slaughtered, the origin of animals slaughtered, details of examinations carried out while the animals were alive and inspections carried out after the animals had been slaughtered and the destination of the meat and animal products, and must at the request of a person contemplated in paragraph *(c)* furnish such information to that person;

*(p)* the owner of an abattoir with prescribed laboratory facilities must ensure access to the laboratory by the national executive officer, a provincial executive officer, an authorised person and an assignee;

*(q)* the use, application and presence of specified substances and residues in meat and animal products must be detected and monitored in accordance with the prescribed methods;

*(r)* the treatment, removal or disposal of condemned material, effluent, refuse and emissions must be carried out in accordance with the prescribed procedures; and

*(s)* animals may not be slaughtered for research purposes unless a research protocol has been submitted and approved by the national executive officer.

(2) The national executive officer may perform any function which is reasonably necessary for and incidental to the effective application of the essential national standards.

(3) The Minister may, subject to such conditions as may be specified by him or her after consultation with the MEC of an affected province, grant exemption from any essential national standard in respect of a particular—

*(a)* area;

*(b)* grade of abattoir;

*(c)* owner or category or group of owners;

*(d)* person or category or group of persons; and

*(e)* kind of animal.

**Meat safety schemes**

**12.** (1) The Minister may by notice in the *Gazette* establish a scheme for the improvement of meat safety and safety of animal products.

(2) *(a)* The Minister may under subsection (1) establish different schemes in respect of different kinds of animals and different categories of persons.

*(b)* The Minister may make any scheme applicable to the whole of the Republic or to different areas of the Republic, or to a particular province or specified part thereof.

(3) A scheme may be established for—

*(a)* the enhancement of meat safety practices;

*(b)* the conducting of surveys;

*(i)* geen dooie dier of dier wat aan 'n toestand ly wat die vleis daarvan onveilig kan maak vir menslike en dierlike verbruik mag by 'n abattoir vir slag aangebied word nie;

*(j)* 'n dier aangebied vir slag moet deur 'n persoon beoog in paragraaf *(c)* ondersoek word voor slagting en moet vergesel gaan van inligting aangaande sy eienaarskap;

*(k)* 'n dier wat vir slag aangebied word ingevolge 'n dieregesondheidskema ingevolge die Wet op Dieresiektes, 1984 (Wet No. 35 van 1984), kan alleenlik vir slag aanvaar word indien die dier geïdentifiseer word ooreenkomstig die bepalings van die betrokke skema;

*(l)* iemand wat vermoed dat 'n dier besmet is met 'n beheerde dieresiekte soos voorgeskryf by of kragtens die Wet op Dieresiektes, 1984 (Wet No. 35 van 1984), moet daardie vermoede onverwyld aan 'n veearts in diens van die Departement of 'n provinsie oordra;

*(m)* vleis en dierlike produkte moet deur 'n persoon beoog in paragraaf *(c)* ondersoek, gemerk en gehanteer word ooreenkomstig die voorgeskrewe metodes;

*(n)* vleis kan slegs van 'n abattoir verwyder word indien dit behoorlik gemerk is en die metode van verwydering daarvan geen risiko inhou vir die veiligheid van die vleis vir menslike en dierlike verbruik nie;

*(o)* die eienaar van 'n abattoir moet die voorgeskrewe rekords hou rakende die getal diere geslag, die oorsprong van geslagte diere, besonderhede van ondersoeke uitgevoer terwyl die diere lewendig was en ondersoeke uitgevoer nadat die diere geslag is en die bestemming van vleis en dierlike produkte, en moet op versoek van 'n persoon in paragraaf *(c)* beoog, sodanige inligting aan daardie persoon voorlê;

*(p)* die eienaar van 'n abattoir met voorgeskrewe laboratoriumfasiliteite moet toegang tot die laboratorium deur die nasionale uitvoerende beampte, 'n provinsiale uitvoerende beampte, 'n gemagtigde persoon of 'n gevolmagtigde verseker;

*(q)* die gebruik, aanwending en voorkoms van vermelde bestanddele en residue in vleis en dierlike produkte moet vasgestel en gemoniteer word ooreenkomstig die voorgeskrewe metodes;

*(r)* die behandeling, verwydering of beskikking van afgekeurde materiaal, afvloeisel, afval en uitlatings moet ooreenkomstig die voorgeskrewe prosedures uitgevoer word; en

*(s)* diere mag nie vir navorsingsdoeleindes geslag word nie tensy 'n navorsingprotokol voorgelê en deur die nasionale uitvoerende beampte goedgekeur is.

(2) Die nasionale uitvoerende beampte kan enige werksaamheid verrig wat redelikerwys nodig is vir en bykomstig is tot die doeltreffende toepassing van die noodsaaklike nasionale standaarde.

(3) Die Minister kan, behoudens die voorwaardes deur hom of haar vermeld na oorlegpleging met die LUR van 'n provinsie wat geraak word, vrystelling verleen van 'n noodsaaklike nasionale standaard met betrekking tot 'n bepaalde—

*(a)* gebied;

*(b)* graad abattoir;

*(c)* eienaar of kategorie of groep eienaars;

*(d)* persoon of kategorie of groep persone; en

*(e)* soort dier.

**Vleisveiligheidskemas**

**12.** (1) Die Minister kan by kennisgewing in die *Staatskoerant* 'n skema instel vir die verbetering van die veiligheid van vleis en veiligheid van dierlike produkte.

(2) *(a)* Die Minister kan kragtens subartikel (1) verskillende skemas ten opsigte van verskillende diersoorte en kategorieë persone instel.

*(b)* Die Minister kan 'n skema van toepassing maak op die Republiek as geheel of op verskillende gebiede van die Republiek, of op 'n bepaalde provinsie of 'n vermelde gedeelte daarvan.

(3) 'n Skema kan ingestel word vir—

*(a)* die bevordering van vleisveiligheidspraktyke;

*(b)* die hou van ondersoeke;

(c) training in aspects of meat safety and safety of animal products;
(d) investigations into food-borne diseases;
(e) the promotion of hygiene practices;
(f) the determination of the origin of meat and animal products;
(g) the monitoring of residues on meat and animal products;
(h) the availability of and access to meat hygiene services;
(i) hygiene assessment services; or
(j) any other matter which is necessary or expedient to achieve and promote the objectives of this Act.

(4) A notice contemplated in subsection (1) must—
(a) set out the objectives of the scheme;
(b) set out the kinds of animals and classes of persons to, and the areas in, which the scheme applies;
(c) determine the tests to which animals and the meat and animal products obtained therefrom must be subjected in order to determine the extent of compliance with the objectives of the scheme;
(d) describe the manner of interpreting the tests contemplated in paragraph *(c)*;
(e) describe the manner in which the animals must be treated, kept and cared for and the manner in which meat and animal products may be disposed of;
(f) determine the requirements for participation in a scheme;
(g) describe the manner in which a person intending to participate in a scheme must apply for admission, the particulars to be furnished in an application and the circumstances under which an application may be refused;
(h) determine the manner in which a person may participate in a scheme;
(i) determine the kinds of animals, the types of meat and the types of animal products to which a scheme applies;
(j) determine the circumstances under which the participation lapses or may be cancelled;
(k) specify the particulars to be recorded by persons enrolled in a scheme;
(l) determine the facilities to be provided by a person participating in a scheme for the purpose of the performance of the required tests, or for any other act necessary to promote the objectives of a scheme;
(m) specify the marks with which animals, meat and animal products to which a scheme applies must be marked;
(n) determine the manner in which animals, carcasses, meat and animal products that comply with the requirements of a scheme must be certified, restrictions on the use of such a certificate and the circumstances under which such a certificate lapses;
(o) determine the circumstances under which a scheme applies to a specific category of persons, in a specific area or to a specific abattoir, and specify the requirements which must be complied with;
(p) determine which of the provisions of a scheme bind a person who is enrolled for participation therein;
(q) specify the tariffs for services rendered in terms of a scheme;
(r) determine other functions to be performed by the respective persons or officers in terms of a scheme; and
(s) provide for any other matter which may be necessary or expedient to promote the objectives of the scheme.

(5) The Minister may, after consultation with the MEC of a province, by notice in the *Gazette* declare that participation in a particular scheme is compulsory in the province in question, or in a specified part thereof.

(6) A scheme in terms of which any form of monetary assistance may be rendered to participants by the national government may only be established with the approval of the Minister of Finance.

**Restriction on importation of meat**

**13.** (1) *(a)* No person may import any meat into the Republic except on the authority of a permit issued by the national executive officer.

*(c)* opleiding in aspekte van veiligheid van vleis en veiligheid van dierlike produkte;
*(d)* ondersoeke na siektes oorgedra deur voedsel;
*(e)* die bevordering van higiënepraktyke;
*(f)* die vasstelling van die oorsprong van vleis en dierlike produkte;
*(g)* die monitering van residue op vleis en dierlike produkte;
*(h)* die beskikbaarheid van en toegang tot vleishigiënedienste;
*(i)* higiëne beoordelingsdienste; of
*(j)* enige ander aangeleentheid wat nodig of dienstig is om die oogmerke van hierdie Wet te bereik of te bevorder.

(4) 'n Kennisgewing in subartikel (1) beoog moet—
*(a)* die oogmerke van die skema aandui;
*(b)* die soorte diere en klasse persone waarop, en die areas waar, die skema van toepassing is, uiteensit;
*(c)* die toetse bepaal waaraan diere en die vleis en dierlike produkte daarvan verkry onderwerp moet word ten einde die omvang van voldoening aan die oogmerke van die skema te bepaal;
*(d)* die wyse beskryf waarop die toetse in paragraaf *(c)* bedoel, vertolk moet word;
*(e)* die wyse beskryf waarop die diere behandel, gehou en versorg moet word en die wyse waarop oor vleis en dierlike produkte beskik kan word;
*(f)* die vereistes vir deelname aan 'n skema bepaal;
*(g)* die wyse beskryf waarop 'n persoon wat voornemens is om aan 'n skema deel te neem, aansoek om deelname moet doen, die besonderhede wat in 'n aansoek voorsien moet word en die omstandighede waaronder 'n aansoek geweier kan word;
*(h)* die wyse bepaal waarop 'n persoon aan 'n skema kan deelneem;
*(i)* die soorte diere, tipes vleis en die tipes dierlike produkte waarop 'n skema van toepassing is, bepaal;
*(j)* die omstandighede bepaal waaronder die deelname verval of gekanselleer kan word;
*(k)* die besonderhede vermeld wat deur persone by 'n skema ingeskryf, aangeteken moet word;
*(l)* die fasiliteite bepaal wat deur 'n persoon wat aan 'n skema deelneem, voorsien moet word vir die doeleindes van die uitvoering van die vereiste toetse, of vir enige ander handeling wat nodig is om die oogmerke van 'n skema te bevorder;
*(m)* die merke vermeld waarmee diere, vleis en dierlike produkte waarop 'n skema van toepassing is, gemerk moet word;
*(n)* die wyse bepaal waarop diere, karkasse, vleis en dierlike produkte wat aan die vereistes van 'n skema voldoen, gesertifiseer moet word, beperkings op die gebruik van sodanige sertifikaat en die omstandighede waaronder sodanige sertifikaat verval;
*(o)* die omstandighede bepaal waaronder 'n skema op 'n bepaalde kategorie persone, in 'n bepaalde gebied of op 'n bepaalde abattoir van toepassing is, en die vereistes vermeld waaraan voldoen moet word;
*(p)* bepaal welke van die voorskrifte van 'n skema 'n persoon bind wat ingeskryf is vir deelname daaraan;
*(q)* die tariewe vermeld vir dienste wat ingevolge 'n skema gelewer word;
*(r)* ander werksaamhede bepaal wat deur die onderskeie persone of beamptes ingevolge 'n skema verrig moet word; en
*(s)* voorsiening maak vir enige ander aangeleentheid wat nodig of wenslik mag wees om die oogmerke van die skema te bevorder.

(5) Die Minister kan, na oorleg met die LUR van 'n provinsie, by kennisgewing in die *Staatskoerant* verklaar dat deelname aan 'n bepaalde skema verpligtend is in die betrokke provinsie, of in 'n vermelde gedeelte daarvan.

(6) 'n Skema ingevolge waarvan enige vorm van finansiële bystand deur die nasionale regering aan deelnemers verleen kan word, kan slegs ingestel word met die goedkeuring van die Minister van Finansies.

**Beperking op invoer van vleis**

**13.** (1) *(a)* Niemand mag enige vleis in die Republiek invoer nie, behalwe op gesag van 'n permit uitgereik deur die nasionale uitvoerende beampte.

*(b)* Paragraph *(a)* does not apply to meat imported for a prescribed purpose or to meet a prescribed weight.

(2) An application for an import permit must be made in the prescribed manner and be accompanied by the prescribed fee.

(3) An import permit may be issued subject to such conditions as the national executive officer may determine and set out in the permit in question.

(4) The national executive officer may, in the public interest, suspend or withdraw any permit, or impose new or additional conditions in a permit, issued in terms of subsection (1)*(a)*.

(5) An import permit—

*(a)* may only be issued in respect of meat imported from a place approved by the national executive officer by notice in the *Gazette*;

*(b)* must be obtained by an importer before a consignment of meat lands in the Republic; and

*(c)* is valid for one consignment only, unless it expressly provides otherwise.

(6) Meat in respect of which an import permit has been issued—

*(a)* may only be introduced into the Republic through the place of entry specified in the permit;

*(b)* must be introduced within the period specified in the permit;

*(c)* may only be off-loaded at the place of entry if all the conditions specified in the permit have been complied with;

*(d)* must be stored in the prescribed manner at a facility approved by the national executive officer until the prescribed veterinary procedures or other acts specified in the permit have been performed; and

*(e)* must be available for inspection, sampling and testing by the national executive officer.

(7) If the national executive officer has knowledge of meat being brought into the Republic contrary to the provisions of this Act or an import permit, he or she may direct that the meat or any portion thereof may not be off-loaded without his or her written consent or that it may only be off-loaded subject to such conditions as may be necessary.

(8) No person may remove any meat stored in a facility contemplated in subsection (6)*(d)* from that facility unless the national executive officer has authorised the removal thereof.

(9) An importation certificate issued in terms of section 14(1)*(a)* of the Abattoir Hygiene Act, 1992 (Act No. 121 of 1992), and which was in force immediately prior to the commencement of this section is deemed to be an import permit issued in terms of subsection (1)*(a)*.

**Restriction on exportation of meat**

**14.** (1) Subject to subsection (6), no person may export any meat from the Republic unless—

*(a)* the animal from which the meat was obtained, was slaughtered at an abattoir approved by the national executive officer as an export abattoir;

*(b)* the meat has been inspected, sampled and tested;

*(c)* the prescribed fee has been paid;

*(d)* the essential national standards in respect of the slaughtering of animals and the handling of meat, and such additional requirements as may be determined by the national executive officer have been complied with;

*(e)* the national executive officer has issued such certificate as may be required by the relevant authority in the importing country; and

*(f)* the reefer in which the meat is to be exported has at the time of loading thereof been sealed by the national executive officer in the prescribed manner, and the number of the seal has been recorded on the certificate contemplated in paragraph *(e)*.

(2) Sections 8 and 9 apply with the necessary changes to any application for approval contemplated in subsection (1)*(a)*.

(3) The national executive officer may inspect the cutting, deboning, reconstruction, operation or processing plants of an export abattoir.

(4) An application for a certificate contemplated in subsection (1)*(e)* must be lodged with the national executive officer before the meat in question is conveyed from the

*(b)* Paragraaf *(a)* is nie van toepassing nie op die invoer van vleis vir 'n voorgeskrewe doel of om aan 'n voorgeskrewe gewig te voldoen.

(2) 'n Aansoek om 'n invoerpermit moet op die voorgeskrewe wyse gedoen word en vergesel gaan van die voorgeskrewe geld.

(3) 'n Invoerpermit kan uitgereik word behoudens die voorwaardes wat die nasionale uitvoerende beampte bepaal en in die betrokke permit uiteensit.

(4) Die nasionale uitvoerende beampte kan, in die openbare belang, enige permit opskort of intrek, of nuwe of bykomende voorwaardes oplê in 'n permit wat ingevolge subartikel (1)*(a)* uitgereik is.

(5) 'n Invoerpermit—

*(a)* kan slegs uitgereik word ten opsigte van vleis ingevoer vanaf 'n plek deur die nasionale uitvoerende beampte goedgekeur by kennisgewing in die *Staatskoerant*;

*(b)* moet deur 'n invoerder bekom word voor 'n besending vleis in die Republiek aanland; en

*(c)* is slegs geldig vir een besending, tensy dit uitdruklik andersins bepaal.

(6) Vleis ten opsigte waarvan 'n invoerpermit uitgereik is—

*(a)* mag slegs in die Republiek ingebring word deur die poort van binnekoms in die permit vermeld;

*(b)* moet binne die tydperk in die permit vermeld, ingebring word;

*(c)* kan slegs by die poort van binnekoms afgelaai word indien al die voorwaardes in die permit vermeld, nagekom is;

*(d)* moet op die voorgeskrewe wyse by 'n fasiliteit deur die nasionale uitvoerende beampte goedgekeur, geberg word totdat die voorgeskrewe veterinêre prosedures of ander handelinge in die permit vermeld, uitgevoer is; en

*(e)* moet beskikbaar wees vir inspeksie, die neem van monsters en toetsing deur die nasionale uitvoerende beampte.

(7) Indien die nasionale uitvoerende beampte kennis dra van vleis wat in stryd met die bepalings van hierdie Wet of 'n invoerpermit in die Republiek ingebring word, kan hy of sy gelas dat die vleis of enige gedeelte daarvan nie afgelaai mag word nie sonder sy of haar skriftelike toestemming of dat dit slegs afgelaai mag word behoudens die voorwaardes wat nodig is.

(8) Niemand mag enige vleis wat in 'n fasiliteit in subartikel (6)*(d)* beoog, geberg word, vanaf daardie fasiliteit verwyder nie, tensy die nasionale uitvoerende beampte die verwydering daarvan gemagtig het.

(9) 'n Invoerpermit uitgereik ingevolge artikel 14(1)*(a)* van die Wet op Abattoirhigiëne, 1992 (Wet No. 121 van 1992), en wat van krag was onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie artikel word geag 'n invoerpermit te wees wat ingevolge subartikel (1)*(a)* uitgereik is.

**Beperking op uitvoer van vleis**

**14.** (1) Behoudens subartikel (6) mag niemand enige vleis uit die Republiek uitvoer nie, tensy—

*(a)* die dier waarvan die vleis verkry is, geslag is by 'n abattoir deur die nasionale uitvoerende beampte goedgekeur as 'n uitvoerabattoir;

*(b)* die vleis geïnspekteer, monsters daarvan geneem en dit getoets is;

*(c)* die voorgeskrewe geld betaal is;

*(d)* die noodsaaklike nasionale standaarde met betrekking tot die slag van diere en die hantering van die vleis, en die bykomende vereistes wat deur die nasionale uitvoerende beampte bepaal is, nagekom is;

*(e)* die nasionale uitvoerende beampte die sertifikaat wat vereis word deur die toepaslike owerheid in die invoerland, uitgereik het; en

*(f)* die koelhouer waarin die vleis uitgevoer staan te word ten tyde van die laai daarvan op die voorgeskrewe wyse deur die nasionale uitvoerende beampte verseël is, en die nommer van die seël op die sertifikaat in paragraaf *(e)* beoog, aangeteken is.

(2) Artikels 8 en 9 is, met die nodige veranderinge, van toepassing op enige aansoek om goedkeuring in subartikel (1)*(a)* beoog.

(3) Die nasionale uitvoerende beampte kan die opsny-, ontbenings-, herkonstruerings-, bedryfs- of prosesseringsaanlegte van 'n uitvoerabattoir inspekteer.

(4) 'n Aansoek om 'n sertifikaat in subartikel (1)*(e)* beoog, moet by die nasionale uitvoerende beampte ingedien word voordat die betrokke vleis uit die Republiek

Republic or, if the relevant authority in the importing country requires examination of the live animals from which the meat was obtained, before the animals are slaughtered.

(5) If the relevant authority contemplated in subsection (1)*(e)* requires a certificate of compliance with its requirements, the application for a certificate contemplated in that subsection must be accompanied by a document which authorises the importation of meat into that country.

(6) Subsection (1)*(a)*, *(b)*, *(c)*, *(e)* and *(f)* does not apply to exportation of meat to a country which has no restrictions on the importation of meat.

(7) The national executive officer may prohibit the exportation of any meat if—

*(a)* the meat in question is on reasonable grounds suspected to be unsafe for human consumption;

*(b)* the exportation thereof may be detrimental to animals in the country to which it is intended to be exported; or

*(c)* it is not possible to certify that the requirements contemplated in subsection (5) have been complied with.

**Routine inspections**

**15.** (1) The national executive officer may during working hours enter any abattoir in order to—

*(a)* inspect any activity or process carried out at the abattoir;

*(b)* require the owner to produce any record, book or other document relating to the abattoir for inspection or for the purpose of obtaining copies thereof or extracts therefrom; and

*(c)* examine, sample and test any animal, meat or animal product.

(2) The national executive officer or his or her delegate or assignee, as the case may be, must show proof of his or her identity and authority when requested to do so by the owner of the abattoir in question.

**Entry and search of premises**

**16.** (1) The national executive officer may, on the authority of a warrant issued in terms of subsection (2)—

*(a)* in order to obtain evidence, enter any premises where he or she has reason to believe that any scheme, prohibition, control or instruction contemplated in this Act has been or is being contravened;

*(b)* direct the owner or a person employed at the premises—

(i) to deliver any book, record or other document that pertains to the investigation and which is in the possession or under the control of the owner or that person;

(ii) to furnish such information as he or she has with regard to the matter under investigation; and

(iii) to render such assistance as the national executive officer requires in order to enable him or her to perform his or her functions under this Act;

*(c)* inspect any book, record or other document and make copies thereof or excerpts therefrom;

*(d)* examine any animal, meat, animal product, substance or material found on the premises;

*(e)* take samples of any animal, meat or animal product or any substance or material used or intended for use in the treatment of meat, and test, examine, analyse, grade or classify such samples;

*(f)* seize any animal, meat, meat product, substance, material, book, record or other document which might be relevant to a prosecution under this Act and keep it in his or her custody; and

*(g)* remove anything seized from the premises where it has been seized, or leave it at the premises and, if he or she deems it necessary, attach an identification mark or seal thereto, or to the container thereof, but the person from whose possession or control any book, record or document has been taken, may, at his or her own expense and under supervision of the national executive officer, make copies thereof or excerpts therefrom.

vervoer word, of, indien die toepaslike owerheid in die invoerland 'n ondersoek van die lewendige diere waarvan die vleis verkry is, vereis, voordat die diere geslag word.

(5) Indien die toepaslike owerheid in subartikel (1)*(e)* beoog 'n sertifikaat van nakoming van sy vereistes verlang, moet die aansoek om 'n sertifikaat in daardie subartikel beoog, vergesel gaan van 'n dokument wat die invoer van vleis na daardie land magtig.

(6) Subartikel (1)*(a)*, *(b)*, *(c)*, *(e)* en *(f)* is nie van toepassing nie op uitvoer van vleis na 'n land wat nie beperkings het op die invoer van vleis nie.

(7) Die nasionale uitvoerende beampte kan die uitvoer van enige vleis verbied indien—

*(a)* die betrokke vleis op redelike gronde vermoed word onveilig te wees vir menslike verbruik;

*(b)* die uitvoer daarvan nadelig kan wees vir diere in die land waarheen dit bedoel word om uitgevoer te word; of

*(c)* indien dit nie moontlik is nie om te sertifiseer dat die vereistes in subartikel (5) beoog, nagekom is.

**Roetine-inspeksies**

**15.** (1) Die nasionale uitvoerende beampte kan gedurende werksure enige abattoir betree ten einde—

*(a)* enige aktiwiteit of proses by die abattoir uitgevoer, te inspekteer;

*(b)* van die eienaar te vereis om enige opgawe, boek of ander dokument wat betrekking het op die abattoir vir inspeksie voor te lê of vir die doel om afskrifte daarvan of uittreksels daaruit te bekom; en

*(c)* enige dier, vleis of dierlike produk te ondersoek, monsters daarvan te neem en dit te toets.

(2) Die nasionale uitvoerende beampte of sy of haar gedelegeerde of gevolmagtigde, na gelang van die geval, moet, wanneer daartoe versoek deur die eienaar van die betrokke abattoir, bewys lewer van sy of haar identiteit en magtiging.

**Betreding en deursoek van persele**

**16.** (1) Die nasionale uitvoerende beampte kan, op die gesag van 'n lasbrief uitgereik ingevolge subartikel (2)—

*(a)* ten einde getuienis te verkry, enige perseel betree waar hy of sy rede het om te glo dat enige skema, verbod, kontrole of opdrag in hierdie Wet beoog, oortree is of oortree word;

*(b)* die eienaar of 'n persoon in diens by die perseel, gelas om—

(i) enige boek, opgawe of ander dokument wat betrekking het op die ondersoek en wat in die besit of onder die beheer is van die eienaar of daardie persoon, te oorhandig;

(ii) die inligting waaroor hy of sy beskik ten aansien van die aangeleentheid wat ondersoek word, te verskaf; en

(iii) die bystand te verleen wat die nasionale uitvoerende beampte verlang ten einde hom of haar in staat te stel om sy of haar werksaamhede kragtens hierdie Wet te verrig;

*(c)* enige boek, opgawe of ander dokument inspekteer en afskrifte daarvan of uittreksels daaruit maak;

*(d)* enige dier, vleis, dierlike produk, stof of materiaal op die perseel gevind, ondersoek;

*(e)* monsters neem van enige dier, vleis, dierlike produk of enige stof of materiaal in gebruik of beoog vir gebruik in die behandeling van vleis, en sodanige monsters toets, ondersoek, analiseer, gradeer of klassifiseer;

*(f)* beslag lê op enige dier, vleis, dierlike produk, stof, materiaal, boek, opgawe of ander dokument wat betrekking mag hê op 'n vervolging kragtens hierdie Wet en in sy of haar bewaring neem; en

*(g)* enigiets waarop beslag gelê is van die perseel waar dit in beslag geneem is, verwyder of dit by die perseel laat en, indien hy of sy dit nodig ag, 'n identifikasiemerk of seël daarop aanbring, of op die houer daarvan, maar die persoon uit wie se besit of beheer enige boek, opgawe of dokument verwyder is, kan, op sy of haar eie onkoste en onder toesig van die nasionale uitvoerende beampte, afskrifte daarvan of uittreksels daaruit maak.

(2) A warrant referred to in subsection (1) must be issued by a judge of the High Court or by a magistrate who has jurisdiction in the area where the premises in question are situated, and may only be issued if it appears from information on oath or on affirmation that there are reasonable grounds for believing that an article or thing referred to in subsection (1) is upon or in such premises, and must specify which of the acts mentioned in that subsection may be performed thereunder by the person to whom it is issued.

(3) The national executive officer executing a warrant in terms of this section must immediately before commencing the execution identify himself or herself to the person in control of the premises, if such person is present, and hand to such person a copy of the warrant or, if such person is not present, affix such copy to a prominent place on the premises.

(4) *(a)* The national executive officer may not enter upon or search any premises until he or she has audibly demanded admission to the premises and has notified the purpose of his or her entry, unless he or she is, on reasonable grounds, of the opinion that any article or thing might be destroyed if admission is first demanded and such purpose is first notified.

*(b)* If the national executive officer, on the authority of a warrant issued in terms of subsection (2), enters upon or searches any premises he or she may use such force as may reasonably be necessary to overcome resistance to such entry or search.

*(c)* Any entry and search in terms of this section may only be executed by day, unless the execution thereof by night is justifiable and necessary.

(5) A warrant contemplated in this section may be issued on any day and is in force until—

*(a)* it is executed;

*(b)* it is cancelled by the person who issued it or, if such person is not available, by any person with similar authority;

*(c)* one month from the date of its issue has expired; or

*(d)* the purpose for which the warrant was issued, no longer exists,

whichever occurs first.

(6) The national executive officer may without a warrant enter upon any premises, other than a private dwelling, and search for, seize and remove any article or thing referred to in subsection (1) if—

*(a)* the person who is competent to do so consents to such entry, search, seizure and removal; or

*(b)* there are reasonable grounds to believe that a warrant would be issued in terms of subsection (2) and the delay in obtaining such warrant would defeat the object of the warrant.

(7) If, during the execution of a warrant or during a search in terms of this section, a person claims that an article or document found upon or in the premises in question contains privileged information and refuses the inspection of such article or document, the national executive officer may request the Registrar of the High Court which has jurisdiction or that Registrar's delegate, to attach and remove that article or document for safe custody until a court of competent jurisdiction has made a ruling on the question whether or not the information in question is privileged.

(8) *(a)* Subject to subsection (9), the national executive officer must deliver anything seized in terms of subsections (1) and (6) without delay to a police official contemplated in section 30 of the Criminal Procedure Act, 1977 (Act No. 51 of 1977), who must deal with and dispose of the seized item as provided for in Chapter 2 of that Act.

*(b)* When a police official acts in terms of section 30*(a)* or *(b)* of the Criminal Procedure Act, 1977 (Act No. 51 of 1977), in respect of an item contemplated in paragraph *(a)*, he or she must do so after consultation with the national executive officer.

(9) *(a)* The national executive officer retains control over and possession of any meat which on reasonable grounds is suspected of not being approved for human and animal consumption, and any animal product which is or which is on reasonable grounds suspected of not being so approved.

*(b)* The national executive officer may dispose of any meat or animal product referred to in paragraph *(a)*.

(2) 'n Lasbrief in subartikel (1) bedoel, moet uitgereik word deur 'n regter van die Hoë Hof of deur 'n landdros wat jurisdiksie het in die gebied waar die betrokke perseel geleë is, en kan slegs uitgereik word indien dit uit inligting onder eed of by plegtige verklaring blyk dat daar redelike gronde is om te glo dat 'n artikel of saak in subartikel (1) bedoel op of in die perseel is, en moet spesifiseer watter stappe vermeld in daardie subartikel deur die persoon aan wie dit uitgereik word, daaronder uitgevoer kan word.

(3) Die nasionale uitvoerende beampte wat 'n lasbrief ingevolge hierdie artikel uitvoer, moet onmiddellik voordat met die uitvoering begin word homself of haarself identifiseer aan die persoon in beheer van die perseel, indien sodanige persoon teenwoordig is, en aan sodanige persoon 'n afskrif van die lasbrief oorhandig of, indien sodanige persoon nie teenwoordig is nie, daardie afskrif op 'n opvallende plek op die perseel aanbring.

(4) *(a)* Die nasionale uitvoerende beampte mag nie enige perseel betree of deursoek nie totdat hy of sy hoorbaar toegang tot die perseel vereis het en die doel van sy of haar betreding bekend gemaak het, tensy hy of sy op redelike gronde van mening is dat enige artikel of saak vernietig mag word indien toegang eers versoek word en sodanige doel eers bekend gemaak word.

*(b)* Indien die nasionale uitvoerende beampte, op gesag van 'n lasbrief uitgereik ingevolge subartikel (2), enige perseel betree of deursoek, kan hy of sy die geweld gebruik wat redelikerwys nodig is om weerstand teen sodanige betreding of deursoeking te oorkom.

*(c)* Enige betreding en deursoeking ingevolge hierdie artikel kan slegs gedurende die dag uitgevoer word, tensy die uitvoering daarvan tydens die nag regverdigbaar en noodsaaklik is.

(5) 'n Lasbrief in hierdie artikel beoog, kan uitgereik word op enige dag en bly van krag totdat—

*(a)* dit uitgevoer is;

*(b)* dit gekanselleer word deur die persoon wat dit uitgereik het of, indien sodanige persoon nie beskikbaar is nie, deur enige persoon met soortgelyke bevoegdhede;

*(c)* een maand vanaf die datum van uitreiking verstryk het; of

*(d)* die doel waarvoor die lasbrief uitgereik is, nie meer bestaan nie,

wat ook al eerste gebeur.

(6) Die nasionale uitvoerende beampte kan sonder 'n lasbrief enige perseel, buiten 'n privaatwoning, betree, en na 'n artikel of saak in subartikel (1) bedoel, soek, daarop beslag lê of dit verwyder, indien—

*(a)* die persoon wat bevoeg is om dit te doen, instem tot sodanige betreding, deursoeking, beslaglegging en verwydering; of

*(b)* daar redelike gronde is om te glo dat 'n lasbrief ingevolge subartikel (2) uitgereik sal word en die vertraging om sodanige lasbrief te bekom die oogmerk van die lasbrief sal verydel.

(7) Indien, tydens die uitvoering van 'n lasbrief of tydens 'n deursoeking ingevolge hierdie artikel, 'n persoon beweer dat 'n artikel of dokument wat op die betrokke perseel gevind is, gepriviligieerde inligting bevat en die inspeksie van sodanige artikel of dokument weier, kan die nasionale uitvoerende beampte die Registrateur van die Hoë Hof wat jurisdiksie het of daardie Registrateur se gedelegeerde, versoek om beslag te lê op en daardie artikel of dokument te verwyder vir veilige bewaring totdat 'n bevoegde hof 'n beslissing geneem het oor die vraag of die betrokke inligting gepriviligieerd is al dan nie.

(8) *(a)* Behoudens subartikel (9) moet die nasionale uitvoerende beampte alles waarop ingevolge subartikels (1) en (6) beslag gelê is, sonder versuim aan 'n polisiebeampte in artikel 30 van die Strafproseswet, 1977 (Wet No. 51 van 1977), beoog, oorhandig, wat daarmee handel en beskik oor die item waarop beslag gelê is, soos in Hoofstuk 2 van daardie Wet voorsien word.

*(b)* Wanneer 'n polisiebeampte ingevolge artikel 30*(a)* of *(b)* van die Strafproseswet, 1977 (Wet No. 51 van 1977), handel ten opsigte van 'n item beoog in paragraaf *(a)*, moet hy of sy optree na oorlegpleging met die nasionale uitvoerende beampte.

(9) *(a)* Die nasionale uitvoerende beampte behou beheer oor en besit van enige vleis wat op redelike gronde vermoed word nie vir menslike en dierlike verbruik goedgekeur te wees nie, en enige dierlike produk wat nie as sodanig goedgekeur is nie of wat op redelike gronde vermoed word nie as sodanig goedgekeur te wees nie.

*(b)* Die nasionale uitvoerende beampte kan oor enige vleis of dierlike produk in paragraaf *(a)* bedoel, beskik.

*(c)* Before any meat or animal product is disposed of in terms of paragraph *(b)*, the national executive officer must place it at the disposal of a police official for such investigation as the police official may deem necessary.

**Confidentiality**

**17.** No person may disclose any information which relates to any person and which was acquired by him or her in the performance of his or her functions in terms of this Act, except—

*(a)* in so far as it may be necessary for the application of this Act;
*(b)* for the purposes of any legal proceedings under this Act;
*(c)* when required to do so by a competent court;
*(d)* if the Minister, in the public interest, authorises the disclosure thereof; or
*(e)* to the extent necessary in order to comply with a law dealing with access to information.

**Appeals**

**18.** (1) Any person who feels aggrieved by a decision of the national executive officer, an assignee, a provincial executive officer or an authorised person may appeal against that decision to the Minister or the MEC of the province in question, as the case may be.

(2) An appeal referred to in subsection (1) must be lodged in the prescribed manner within the prescribed period, and the prescribed fee must be paid.

(3) *(a)* The Minister or MEC, as the case may be, may designate one or more independent senior officers to investigate and report on the grounds of appeal.

*(b)* The national executive officer, assignee, provincial executive officer or authorised person who made the decision and the appellant may appear or be requested to appear at an investigation referred to in paragraph *(a)*, in order to be heard or to be questioned, and are entitled to legal representation.

(4) *(a)* The Minister or MEC, as the case may be, may after considering the report and other documents relating to the appeal, confirm, set aside or amend the decision or issue such order in connection therewith as may be fit.

*(b)* If the Minister or MEC, as the case may be, sets aside a decision which is the subject of an appeal or amends it in favour of an appellant, the fee referred to in subsection (2) must be refunded to the appellant concerned.

**Offences and penalties**

**19.** (1) A person commits an offence if he or she—

*(a)* contravenes or fails to comply with section 7, 13(1)*(a)*, 13(5), 13(6), 13(8), 14(1), 14(7) or 17;
*(b)* contravenes or fails to comply with a condition imposed in terms of section 8(1)*(b)*, 13(3) or 13(7);
*(c)* refuses or fails to comply with an instruction issued under section 10(1);
*(d)* contravenes or fails to comply with any applicable essential national standard;
*(e)* obstructs or hinders the national executive officer, a provincial executive officer, an officer contemplated in section 3(1)*(a)*(i) or an authorised person in the exercise of any power or the performance of any duty under this Act, or refuses or fails to comply with a direction referred to in section 16(1)*(b)*;
*(f)* while being a participant in a scheme, contravenes or fails to comply with any provision of that scheme;
*(g)* damages, destroys or otherwise tampers with any sample taken in terms of section 16(1)*(e)*;
*(h)* refuses or fails to furnish information requested in terms of section 16(1)*(b)*(ii) or furnishes information which is false or misleading, knowing that it is false or misleading;

*(c)* Voordat oor enige vleis of dierlike produk beskik word ingevolge paragraaf *(b)*, moet die nasionale uitvoerende beampte dit tot die beskikking van 'n polisiebeampte stel vir die ondersoek wat die polisiebeampte nodig ag.

**Vertroulikheid**

**17.** Niemand mag enige inligting in verband met enige persoon wat deur hom of haar verkry is by die verrigting van sy of haar werksaamhede ingevolge hierdie Wet, openbaar nie, behalwe—

*(a)* vir sover dit vir die toepassing van hierdie Wet nodig mag wees;
*(b)* vir die doeleindes van enige regsproses kragtens hierdie Wet;
*(c)* wanneer dit deur 'n bevoegde hof vereis word;
*(d)* indien die Minister die openbaarmaking daarvan in die openbare belang magtig; of
*(e)* in die mate waarin dit nodig mag wees ten einde te voldoen aan 'n wet wat handel oor toegang tot inligting.

**Appèlle**

**18.** (1) Iemand wat beswaard voel oor 'n besluit van die nasionale uitvoerende beampte, 'n gevolmagtigde, 'n provinsiale uitvoerende beampte of 'n gemagtigde persoon, kan teen daardie besluit appelleer na die Minister of die LUR van die betrokke provinsie, na gelang van die geval.

(2) 'n Appèl in subartikel (1) bedoel, moet op die voorgeskrewe wyse binne die voorgeskrewe tydperk ingedien word, en die voorgeskrewe geld moet betaal word.

(3) *(a)* Die Minister of die LUR, na gelang van die geval, kan een of meer onafhanklike senior beamptes aanwys om die gronde vir appèl te ondersoek en daaroor verslag te doen.

*(b)* Die nasionale uitvoerende beampte, gevolmagtigde, provinsiale uitvoerende beampte of gemagtigde persoon wat die besluit geneem het en die appellant kan teenwoordig wees of versoek word om by 'n ondersoek in paragraaf *(a)* bedoel teenwoordig te wees ten einde aangehoor of ondervra te word, en is geregtig op regsverteenwoordiging.

(4) *(a)* Die Minister of die LUR, na gelang van die geval, kan, na oorweging van die verslag en ander dokumente met betrekking tot die appèl, die besluit bekragtig, tersyde stel of wysig, of die bevel in verband daarmee uitreik wat dienstig geag word.

*(b)* Indien die Minister of die LUR, na gelang van die geval, 'n beslissing wat die onderwerp is van 'n appèl ter syde stel, of dit ten gunste van die appellant wysig, moet die bedrag in subartikel (2) bedoel aan die betrokke appellant terugbetaal word.

**Misdrywe en strawwe**

**19.** (1) Iemand begaan 'n misdryf as hy of sy—

*(a)* artikel 7, 13(1)*(a)*, 13(5), 13(6), 13(8), 14(1), 14(7) of 17 oortree of versuim om daaraan te voldoen;
*(b)* 'n lasgewing opgelê ingevolge artikel 8(1)*(b)*, 13(3) of 13(7) oortree of versuim om daaraan te voldoen;
*(c)* weier of versuim om te voldoen aan 'n lasgewing kragtens artikel 10(1) uitgereik;
*(d)* enige tersaaklike noodsaaklike nasionale standaard oortree of versuim om daaraan te voldoen;
*(e)* die nasionale uitvoerende beampte, 'n provinsiale uitvoerende, 'n beampte in artikel 3(1)*(a)*(i) beoog of 'n gemagtigde persoon in die uitoefening van 'n bevoegdheid of die verrigting van 'n plig kragtens hierdie Wet dwarsboom of verhinder, of weier of versuim om aan 'n lasgewing in artikel 16(1)*(b)* bedoel, te voldoen;
*(f)* tydens deelname aan 'n skema, 'n voorskrif van daardie skema oortree of versuim om daaraan te voldoen;
*(g)* 'n monster ingevolge artikel 16(1)*(e)* geneem, beskadig, vernietig of andersins daarmee peuter;
*(h)* weier of versuim om inligting ingevolge artikel 16(1)*(b)*(ii) versoek, te verstrek, of inligting verstrek wat vals of misleidend is, wetende dat dit vals of misleidend is;

(*i*) alters or forges any permit, certificate, consent or authority contemplated in this Act;
(*j*) in order to evade any provision of this Act, uses a document which has been altered or forged;
(*k*) sells, removes or tampers with any animal, meat, animal product, material, substance, book, record or other document seized in terms of section 16, or tampers with an identification mark or seal attached thereto or to a container thereof in terms of that section;
(*l*) falsely holds himself or herself out to be the national executive officer, a provincial executive officer, an authorised person or an assignee; or
(*m*) makes a document or causes a document to be made which purports to be but is in fact not a permit, certificate, consent, authority or other document issued in terms of this Act.

(2) Any person who is convicted of an offence in terms of this Act is—
(*a*) in the case of a first conviction, liable to a fine or to imprisonment for a period not exceeding two years or to both a fine and such imprisonment; and
(*b*) in the case of a second or subsequent conviction, whether it be for the same offence or for some other offence referred to in subsection (1), liable to a fine or to imprisonment for a period not exceeding four years or to both a fine and such imprisonment.

(3) Despite anything to the contrary contained in any other law, a magistrate's court is competent to impose any penalty provided for in this Act.

**Forfeiture**

**20.** A court convicting any person of an offence under this Act may, when requested thereto by the public prosecutor, in addition to any other punishment imposed in respect of that offence, order that the meat, animal, animal product, article, book or other document which formed the subject of the charge against that person, be forfeited to the State.

**Presumptions and evidence**

**21.** In any prosecution under this Act—
(*a*) any meat, animal product, substance or material from which a sample has been taken pursuant to the provisions of this Act must, unless evidence to the contrary is adduced, be regarded as having the same properties as that sample; and
(*b*) any document purporting to have been certified by the national executive officer, an assignee, a provincial executive officer or an authorised person to the effect that it is a true copy of the document to which the proceedings relate, is permissible as evidence in any court.

**Regulations**

**22.** (1) The Minister may make regulations regarding—
(*a*) any matter which in terms of this Act is required or permitted to be prescribed;
(*b*) the requirements with which slaughter facilities have to comply for registration in terms of this Act;
(*c*) the slaughter of animals for own consumption and for religious and cultural purposes;
(*d*) the fees payable if an animal, meat or an animal product is examined by an officer in terms of this Act;
(*e*) the keeping of records and the furnishing of returns in connection with any matter relating to abattoirs, animals brought to such abattoirs and the meat and animal products derived from such animals;
(*f*) the taking of samples for the purposes of this Act, and the testing, examination and analysis of such samples;

*(i)* 'n permit, sertifikaat, goedkeuring of magtiging in hierdie Wet beoog, verander of vervals;

*(j)* ten einde 'n bepaling van hierdie Wet te ontduik, 'n dokument gebruik wat verander of vervals is;

*(k)* enige dier, vleis, dierlike produk, materiaal, stof, boek, opgawe of ander dokument waarop ingevolge artikel 16 beslag gelê is, verkoop, verwyder of daaraan peuter, of peuter met 'n identifikasiemerk of seël wat daaraan of aan 'n houer daarvan geheg is ingevolge daardie artikel;

*(l)* homself of haarself valslik as die nasionale uitvoerende beampte, 'n provinsiale uitvoerende beampte, 'n gemagtigde persoon of 'n gevolmagtigde voordoen; of

*(m)* 'n dokument maak of laat maak wat voorgee 'n permit, sertifikaat, toestemming, magtiging of ander dokument ingevolge hierdie Wet uitgereik, te wees, maar dit in werklikheid nie is nie.

(2) Iemand wat aan 'n misdryf ingevolge hierdie Wet skuldig bevind word, is—

*(a)* in die geval van 'n eerste skuldigbevinding, strafbaar met 'n boete of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens twee jaar of met 'n boete sowel as daardie gevangenisstraf; en

*(b)* in die geval van 'n tweede of daaropvolgende skuldigbevinding, hetsy aan dieselfde of aan enige ander misdryf in subartikel (1) bedoel, strafbaar met 'n boete of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens vier jaar of met 'n boete sowel as daardie gevangenisstraf.

(3) Ondanks enige andersluidende bepalings in enige ander wet vervat, is 'n landdroshof bevoeg om enige straf in hierdie Wet voorsien, op te lê.

**Verbeurdverklaring**

**20.** 'n Hof wat 'n persoon skuldig bevind aan 'n misdryf kragtens hierdie Wet kan, wanneer deur die openbare aanklaer daartoe versoek, bykomend tot enige ander straf opgelê met betrekking tot daardie oortreding, gelas dat die vleis, dier, dierlike produk, voorwerp, boek of ander dokument wat die onderwerp van die aanklag teen daardie persoon uitmaak, aan die Staat verbeurd verklaar word.

**Vermoedens en bewys**

**21.** By enige vervolging kragtens hierdie Wet—

*(a)* word daar geag, tensy getuienis tot die teendeel aangevoer word, dat enige vleis, dierlike produk, stof of materiaal waarvan 'n monster geneem is ooreenkomstig die bepalings van hierdie Wet, dieselfde eienskappe bevat as daardie monster; en

*(b)* is 'n dokument wat voorgee deur die nasionale uitvoerende beampte, 'n gevolmagtigde, 'n provinsiale uitvoerende beampte of 'n gemagtigde persoon gesertifiseer te wees te dien effekte dat dit 'n ware afskrif is van die dokument waarop die verrigtinge betrekking het, toelaatbaar as getuienis in enige hof.

**Regulasies**

**22.** (1) Die Minister kan regulasies uitvaardig betreffende—

*(a)* enige aangeleentheid wat ingevolge hierdie Wet voorgeskryf moet of kan word;

*(b)* die vereistes waaraan slagfasiliteite moet voldoen vir registrasie ingevolge hierdie Wet;

*(c)* die slag van diere vir eie verbruik en vir godsdienstige en kulturele doeleindes;

*(d)* die gelde betaalbaar indien 'n dier, vleis of 'n dierlike produk deur 'n beampte ondersoek word ingevolge hierdie Wet;

*(e)* die hou van opgawes en die voorsiening van verslae in verband met enige aangeleentheid met betrekking tot abattoirs, diere wat na sodanige abattoirs gebring word en die vleis en dierlike produkte van sodanige diere verkry;

*(f)* die neem van monsters vir die doeleindes van hierdie Wet, en die toets, ondersoek en ontleding van sodanige monsters;

(*g*) the manner in which and periods within which specified applications have to be submitted, the documents which are to accompany such applications, and the fees which are payable in respect of such applications;

(*h*) matters pertaining to the importation and exportation of meat; and

(*i*) generally with regard to any other matter which it is necessary or expedient to prescribe in order to achieve or promote the objectives of this Act.

(2) The Minister may by regulation grant exemption from the operation of a provision of this Act in respect of a particular area in the Republic, a particular class of slaughter facility or abattoir or grade of abattoir, a particular category or group of persons or a particular category or group of owners or a particular kind or class of animal.

(3) A regulation may for any contravention thereof or failure to comply therewith, provide for a fine or imprisonment—

(*a*) in the case of a first conviction, for a period not exceeding one year; and

(*b*) in the case of a second or subsequent conviction, for a period not exceeding two years.

**Delegation**

**23.** (1) The Minister may, subject to such conditions as he or she may impose, delegate or assign to the national executive officer, any officer of the Department or authorised person any power or duty conferred or imposed upon the Minister by or under this Act except the power to make regulations under section 22.

(2) The MEC may, subject to such conditions as he or she may impose, delegate or assign to any officer in the relevant provincial department any power or duty conferred or imposed upon the MEC by or under this Act.

(3) The Minister or MEC is not divested of any power or exempted from any duty delegated or assigned as contemplated in subsection (1) or (2), and may amend or set aside any decision taken in the exercise of a power or performance of a duty so delegated or assigned.

**Defects in form**

**24.** A defect in the form of any document which in terms of any law is required to be executed in a particular manner, or in a document issued in terms of this Act, does not render unlawful any administrative act performed in terms of this Act in respect of the matter to which such document relates, and does not constitute a ground for exception to any legal proceedings which may be taken in respect of such matter if the document complies substantially with the applicable legal requirements.

**Repeal of laws, and savings**

**25.** (1) Subject to subsection (2), the laws specified in Schedule 2 are hereby amended or repealed to the extent indicated in the third column of that Schedule.

(2) A regulation made or deemed to have been made under section 24 of the Abattoir Hygiene Act, 1992 (Act No. 121 of 1992), and which was in force immediately prior to the commencement of this section must be regarded as having been made under this Act, in so far as it could have been made under a corresponding provision of this Act.

**Short title**

**26.** This Act is called the Meat Safety Act, 2000.

(g) die wyse waarop en die tydperke waarbinne vermelde aansoeke voorgelê moet word, die dokumente wat sodanige aansoeke moet vergesel en die gelde wat met betrekking tot sodanige aansoeke betaalbaar is;
(h) aangeleenthede met betrekking tot die invoer en uitvoer van vleis; en
(i) in die algemeen met betrekking tot enige ander aangeleentheid wat nodig of wenslik is om voor te skryf ten einde die oogmerke van hierdie Wet te bereik of te bevorder.

(2) Die Minister kan by regulasies vrystelling verleen van die toepassing van 'n bepaling van hierdie Wet ten opsigte van 'n bepaalde gebied in die Republiek, 'n bepaalde klas slagfasiliteit of abattoir of graad abattoir, 'n bepaalde kategorie of groep persone of 'n bepaalde kategorie of groep eienaars of 'n bepaalde soort of klas dier.

(3) 'n Regulasie kan vir 'n oortreding daarvan of versuim om daaraan te voldoen, 'n boete of 'n gevangenisstraf voorskryf—
(a) in die geval van 'n eerste skuldigbevinding, vir 'n tydperk van hoogstens een jaar; en
(b) in die geval van 'n tweede of daaropvolgende skuldigbevinding, vir 'n tydperk van hoogstens twee jaar.

**Delegering**

**23.** (1) Die Minister kan, behoudens die voorwaardes wat hy of sy oplê, enige bevoegdheid of plig wat by of kragtens hierdie Wet aan die Minister verleen of opgedra is, behalwe die bevoegdheid om regulasies kragtens artikel 22 uit te vaardig, aan die nasionale uitvoerende beampte, 'n beampte van die Departement of gemagtigde persoon delegeer of opdra.

(2) Die LUR kan, behoudens die voorwaardes wat hy of sy oplê, enige bevoegdheid of plig wat by of kragtens hierdie Wet aan die LUR verleen of opgedra is, aan 'n beampte in die betrokke provinsiale departement delegeer of opdra.

(3) Die Minister of LUR word nie ontneem van enige bevoegdheid of vrygestel van enige plig wat soos in subartikel (1) of (2) beoog, gedelegeer of opgedra is nie, en kan enige besluit wysig of tersyde stel wat geneem is in die uitoefening van 'n bevoegdheid of die verrigting van 'n plig aldus gedelegeer of opgedra.

**Vormgebreke**

**24.** 'n Vormgebrek in 'n dokument wat ingevolge enige wet vereis word om op 'n bepaalde wyse verly te word, of in 'n dokument ingevolge hierdie Wet uitgereik, maak nie 'n administratiewe handeling ingevolge hierdie Wet verrig, onwettig nie ten opsigte van die aangeleentheid waarop sodanige dokument betrekking het, en is nie 'n grond vir eksepsie teen enige regsproses wat ten opsigte van sodanige aangeleentheid ingestel mag word nie, indien die dokument wesenlik voldoen aan die toepaslike wetlike vereistes.

**Herroeping van wette, en voorbehoude**

**25.** (1) Behoudens subartikel (2) word die wette in Bylae 2 vermeld hierby gewysig of herroep in die mate in die derde kolom van daardie Bylae aangedui.

(2) 'n Regulasie uitgevaardig of geag uitgevaardig te wees kragtens artikel 24 van die Wet op Abattoirhigiëne, 1992 (Wet No. 121 van 1992), en wat onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie artikel van krag was, moet geag word kragtens hierdie Wet gemaak te wees, in soverre dit kragtens 'n ooreenstemmende bepaling van hierdie Wet uitgevaardig kon word.

**Kort titel**

**26.** Hierdie Wet heet die Wet op die Veiligheid van Vleis, 2000.

## SCHEDULE 1

## ANIMALS TO WHICH THIS ACT APPLIES

**(Section 1(2))**

### DOMESTICATED ANIMALS

Bovine animals (including the species *bubalus bubalis* and *bison bison*)
Donkey
Duck
Farmed deer
Fowl
Goat
Goose
Guineafowl
Horse
Kangaroo
Mule
Ostrich and other related *ratite* species
Partridge
Pheasant
Pig
Pigeon
Quail
Rabbit
Sheep
Turkey

### WILD GAME

Blesbuck (*Damaliscus dorcas philipsi*)
Blue wildebeest (*Connochaetes taurinus*)
Buffalo (*Syncerus caffer*)
Burchell's zebra (*Equus burchelli*)
Crocodile (*Crocodylus niloticus*)
Eland (*Taurotragus oryx*)
Elephant (*Loxodonta africana*)
Gemsbuck (*Oryx gazela*)
Gray Rhebok (*Pelea capreolus*)
Hippopotamus (*Hippopotamus amphibius*)
Impala (*Aepyceros melampus*)
Kudu (*Tragelaphus stepsiceros*)
Mountain Reedbuck (*Redunca fulvorufula*)
Springbuck (*Antidorcas marsupialis*)
Zebra (*Diplodus trifasciatus*)

## BYLAE 1

## DIERE WAAROP HIERDIE WET VAN TOEPASSING IS

### MAK DIERE

Beesagtige diere (met inbegrip van die spesie *bubalus bubalis* en *bison bison*)
Bok
Donkie
Duif
Eend
Fisant
Gans
Kalkoen
Kangaroe
Konyn
Kwartel
Muil
Patrys
Perd
Pluimvee
Skaap
Takbokke waarmee geboer word
Tarentaal
Vark
Volstruis en ander aanverwante *ratite*-spesies

### WILD

Bergrietbok (*Redunca fulvorufula*)
Blesbok (*Damaliscus dorcas philipsi*)
Blouwildebees (*Connochaetes taurinus*)
Buffel (*Syncerus caffer*)
Burchell's zebra (*Equus burchelli*)
Eland (*Taurotragus oryx*)
Gemsbok (*Oryx gazela*)
Grys Ribbok (*Pelea capreolus*)
Koedoe (*Tragelaphus stepsiceros*)
Krokodil (*Crocodylus niloticus*)
Olifant (*Loxodonta africana*)
Rooibok (*Aepyceros melampus*)
Seekoei (*Hippopotamus amphibius*)
Springbok (*Antidorcas marsupialis*)
Zebra (*Diplodus trifasciatus*)

## SCHEDULE 2

## LAWS REPEALED OR AMENDED

(Section 25)

| No. and year of law | Short title | Extent of amendment or repeal |
|---|---|---|
| Act No. 121 of 1992 | Abattoir Hygiene Act, 1992 | Repeal of the whole, except section 23 |
| Act No. 129 of 1993 | General Law Third Amendment Act, 1993 | Sections 77 and 78 |

# BYLAE 2

## WETTE HERROEP OF GEWYSIG

(Artikel 25)

| No en jaar van wet | Kort titel | Omvang van herroeping of wysiging |
|---|---|---|
| Wet No. 121 van 1992 | Wet op Abattoirhigiëne, 1992 | Herroeping van die geheel, uitgesonderd artikel 23 |
| Wet No. 129 van 1993 | Derde Algemene Regswysigingswet, 1993 | Artikels 77 en 78 |